SAAK NR NH 12/3/58

Rep ILJ
8,4

IN DIE NYWERHEIDSHOF

In die aangeleentheid tussen

NASIONALE SUIWELKOÖPERASIE BPK — Applikant

en

FOOD AND ALLIED WORKERS UNION — Respondent

---

SAMESTELLING VAN DIE HOF

Prof A A Landman — Bykomende Lid

NAMENS

Applikant:

Adv P Pauw — in opdrag van Mnr Roode van Mnre van Wyk de Vries, Johannesburg

Respondent:

Adv G O van Niekerk — in opdrag van Mnre Chennels Albertyn en Friedman, Durban

PLEK EN DATUM VAN VERRIGTINGE

PRETORIA — 9 JUNIE 1987

In hierdie aansoek is die Applikant die Nasionale Suiwelkoöperasie Beperk en die Respondent is die Food and Allied Workers Union.

Die regshulp wat die Applikant teen die Respondent vorder is die volgende:

"1. Dat die Applikant in die nakoming van die reëls met betrekking tot kennisgewing en betekening gekondoneer word en dat die aansoek aangehoor word as een van dringendheid ingevolge die bepalings van reël 6(3).

2. Dat verklaar word dat

   2.1 Enige geskil wat voortspruit uit ander feite en omstandighede as die diensverhouding en aanverwante aangeleenthede;

   2.2 Enige geskil waartoe die partye nie die werkgewer, werknemer en/of hulle werkgewerorganisasie en vakbonde is nie,

   nie vatbaar is vir die beslegtings- en die versoeningsmeganisme van die Wet op Arbeidsverhoudinge (28 van 1956) nie;

3. Dat verklaar word dat enige staking aangemoedig en/of gepropageer en/of aangestig en/of aangehits en/of georganiseer en/of stilswyend goedgekeur deur die respondent ten opsigte van lede van die respondent wat in diens is van die applikant wat voortspruit uit 'n geskil met betrekking tot ander feite en omstandighede as die diensverhouding, in die besonder politieke aangeleenthede, 'n onwettige staking is ingevolge die bepalings van artikel 65 in Wet 28 van 1956;

4. Alternatiewelik tot 2 en 3 dat verklaar word dat enige staking aangemoedig en/of gepropageer en/of aangestig en/of aangehits en/of georganiseer en/of stilswyend goedgekeur deur die respondent voordat die geskil verwys is vir beslegting en versoening ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge (28 van 1956) nie 'n onwettige staking is ingevolge die bepalings van artikel 65 van Wet 28 van 1956;

5. Dat 'n interdik uitgevaardig word ingevolge waarvan die respondent verbied word om die werknemers van die applikant aan te hits en/of aan te moedig en/of aan te stig en/of te organiseer om deel te neem aan bogenoemde staking en/of self deel te neem aan sodanige staking;

6. Dat die respondent gelas word om dit onder die aandag van al sy lede te bring dat die respondent nie regtens bevoeg is om bogenoemde staking goed te keur, te onderskraag of te ondersteun nie;

7. Dit word verklaar

   7.1 Dat die applikant nie regtens verplig is nie om die eerste respondent as vakbond te erken vir doeleindes van Wet 28 van 1956, soos gewysig, vir solank die respondent optree of voornemens is om op te tree soos in paragraaf 2 omskryf of vir sover die respondent strydig in paragraaf 3 of 4 optree of voornemens is om op te tree;

   7.2 Dat die applikant nie verplig is om enige beampte of organiseerder van die eerste respondent op die Applikant se persele toe te laat nie vir solank sodanige beampte of organiseerder voornemens is om op te tree soos in paragraaf 2 omskryf;

8. Dat die respondent 'n gedingskoste betaal indien die aansoek geopponeer word; en

9. Dat verder en/of alternatiewe regshulp verleen word."

Jurisdiksie

Die Hof se jurisdiksie om die regshulp wat aangevra is te verleen, moet in artikel 17(11)(a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 28 van 1956, wat hierna die Wet genoem word, gevind word.

Gemelde subartikel lees soos volg:

"Die werksaamhede van die nywerheidshof is -

(a) om alle werksaamhede uitgesonder die beregting van beweerde misdrywe te verrig wat 'n geregshof in 'n geskil of aangeleentheid wat voortspruit uit die toepassing van die bepalings van die wette wat deur die Department van Mannekragbenutting uitgevoer word, verrig."

Die Respondent maak beswaar teen die jurisdiksie van hierdie Hof. Die Respondent se beswaar is van tweërlei aard. Die eerste beswaar handel met die jurisdiksie van hierdie Hof om 'n interdik uit te vaardig. Die bevoegdheid van hierdie Hof om so 'n interdik uit te vaardig word nie aangeval nie, wat egter betwis word is of daar 'n geskil of 'n aangeleentheid in hierdie saak is wat voortspruit uit die toepassing van die bepalings van die Wet.

Myn insiens is dit duidelik dat indien 'n werkgewer kan aantoon dat 'n derde party soos 'n vakbond 'n onwettige staking wil aanhits is die Hof met jurisdiksie beklee. Die Hof sal ingelyks jurisdiksie besit indien 'n applikant kan bewys dat die vakbond 'n strafbare werkstopsetting soos bedoel in artikel 65(1A) van die Wet aanhits. Ek ontleen die term 'strafbare werkstopsetting' van J F HEYNE "Hoe kan die Nywerheidsvrede so verbreek word?" 1967 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg 155 op 163. Ek sal ook soms verwys na hierdie handeling as 'n 'onwettige werkstopsetting'. Gevolglik word die beswaar teen hierdie aspek van die Hof se jurisdiksie van die hand gewys.

Mnr van Niekerk wat namens die Respondent opgetree het, het voorts betoog dat die Hof nie bevoeg is om 'n verklarende bevel uit te reik nie. Hy het in dié verband taamlike sterk argumente aangevoer, maar dit is egter nie vir my nodig om hieroor uitsluitsel te gee nie. Die rede vir hierdie besluit word onder die volgende opskrif behandel.

Dringendheid

Die aansoek het voor my gekom by wyse van dringendheid. Die Applikant het volledig daarmee gehandel in die stukke en aangetoon waarom die aangeleentheid een van dringendheid is. Die Respondent het beswaar teen die gronde van dringendheid geopper en gepoog om aan te toon dat die Applikant so getalm het met die aanbring van die aansoek dat die Hof nie die aansoek as een van dringendheid behoort aan te hoor nie. Sien in dié opsig Schweizer-Reneke Vleis Maatskappy (Edms) Bpk v Die Minister van Landbou en Andere 1971 (DPH F11 CT) wat met goedkeuring aangehaal is in Twentieth Century Fox Film Corporation v Antony Black Films (Pty) Ltd 1982 (3) SA 582 (W). Wat hierdie gronde betref kan die Respondent nie gelyk gegee word nie. Die aansoek beweer dat 'n onwettige staking of 'n onwettige werkstopsetting vir die 12e en of die 16e Junie deur die Respondent beplan is. Daar word verder beweer dat dié optrede die Applikant se werknemers sal raak en dat die Applikant in vele opsigte benadeel sal word.

Dr Pauw wat namens die Applikant opgetree het, het aangetoon dat indien die Applikant gebruik gemaak het van die gewone proses en reël 6 stiptelik nagevolg het, sou die Hof nie in staat wees om uitspraak oor die aangeleentheid te doen tot na 'n tydperk van ongeveer ses maande nie. In hierdie opsig het Dr Pauw myn insiens gelyk, maar net sover dit die interdik aangaan. Dr Pauw het toegegee dat die regshulp betreffende die verklarende bevel nie op

'n saak van dringendheid gegrond is nie. Hierdie toegewing word myn insiens deur die feite geoorloof. Ek is derhalwe nie van plan om enigsins met die bedes wat oor 'n verklarende bevel gaan, te handel nie.

Vervolgens handel ek slegs met die aansoek om 'n interdik.

## Feite

Op dié stadium het dit nodig geword om kortliks die feite uiteen te sit.

Die Applikant is 'n koöporasie wat kragtens die wette van die Republiek opgerig is met sy hoofkantoor te Johannesburg en wat takke het dwarsoor die land. Die Respondent is 'n vakvereniging wat behoorlik geregistreer is kragtens die Wet met sy geregistreerde hoofkantoor te Kaapstad en wat ook kantore regoor Suid-Afrika het; onder andere te Durban.

Heelwat van die Applikant se werknemers in Natal en in die Transvaal is lede van die Respondent. Hierdie werknemers wissel van algemene werkers tot voertuigbestuurders en masjienoperateurs. Die Applikant is 'n koöporasie opgerig volgens die Koöperasie Wet van 1981 en sy lede is boere wat die primêre produsente is. Die Applikant word landswyd bedryf deur 41 takke, depots en distribusie punte. Die Applikant bied werksaangeleenthede aan ongeveer 7 300 werknemers.

Die Applikant handel vervolgens in sy stukke met sy markaandeel en toon aan op oortuigende wyse dat die Applikant nadelig geraak sal word deur 'n staking of soortgelyke nywerheidsoptrede. Die Respondent was dit eens dat die gevolge van die beweerde optrede vir die Applikant finansieël nadelig sal wees. Gesien die bederfbare aard van die Applikant se produkte sal die afhaal, verwerking en verspreiding van melk en melkprodukte deur 'n staking sowel as 'n strafbare werkstopsetting nadelig geraak word. Die Respondent was dit met die Applikant dit eens dat die skade of verlies wat gely kan word nie verhaalbaar sal wees nie. Die Respondent het ook toegegee dat wat die balans van gerief betref, die balans ten gunste van die Applikant is.

Vervolgens het die Applikant besonderhede van verskeie geskille uiteengesit waarin die Applikant en die Respondent gewikkel is. Sommige van hierdie geskille word deur ander howe uitsluitende hierdie Hof aangehoor en die partye het derhalwe nie oor hierdie aangeleenthede uitgebrei nie.

Applikant maak melding van 'n gesprek wat tussen Andrew Lynch, Applikant se bestuurder: Nywerheidsverhoudinge, en René Roux, 'n organiseerder van die Respondent, plaasgevind het waartydens Roux sou gesê het dat die Wette van die Republiek van Suid-Afrika uiters onbillik is en dat die vraag derhalwe opkom of die Respondent daaraan gebonde is. Gemelde Roux erken dat sy gesê het dat sommige wette onbillik is en dus onregverdig is. Die ander beweerde gedeelte van die gesprek word ontken.

Dit word ook beweer deur die Respondent dat Roux haar pesoonlike mening geuiter het, wat nie noodwendig dié van die Respondent is nie.

Die Applikant verwys ook na verskeie telekse wat oor en weer deur die partye aan mekaar gestuur is. Ek is nie van voorneme om die gesprekvoering volledig uiteen te sit nie. Ek sal slegs met noodsaaklike beweringe en afleidings handel. Die Applikant se saak is dat die Respondent geweier het om 'n onderneming te gee dat die Respondent, wat toekomstige onderhandelinge met die Applikant betref, hom sal neerlê by die wette van die land, wat die gemenereg en wettereg insluit. Die Respondent het nie so 'n onderneming verstrek nie, maar het telkemale sy voorneme om wettige nywerheidsoptrede na te volg, beklemtoon.

Tweedens word in die Applikant se stukke beweer, en in besonder in telekse beweer, dat hulle bewus geraak het dat die Respondent sekere nywerheidsoptrede beoog en dat dié sal plaasvind onder die voorwendsel van 'n loon dispuut of 'n loon grief. Hierdie beweringe word deur die Respondent ontken.

Besonderhede word ook verstrek van onwettige nywerheidsoptrede deur lede van die Respondent wat gedurende April 1987 te Mayfair, Boksburg en te Vanderbijlpark plaasgevind het.

Die Applikant het op een of ander onverklaarde wyse in besit gekom van 'n afskrif van die notule van 'n vergadering van Respondent se

hoofkantoorbeheerkommittee wat op 26, 27 en 28 Mei gehou is. Die Applikant maak staat veral op paragraaf 14 van gemelde notule wat soos volg lees:

> "<u>Action on State of Emergency and Detentions</u>
>
> The Transvaal Region had decided that 15 April should be a day of action over the detention of Union officials, and it would act on its own if necessary. It was reported that there was anger over the inactivity of the Union in this matter.
>
> The meeting expressed understanding for the views expressed by the Region. However it was felt it would be difficult if one region took action on its own over a national issue. It was necessary to look critically at reasons why the Union had failed to take action, eg. Headoffice had not been informed of some shopstewards which had been detained. If action was taken, it was essential that it was effective. The view was expressed that 15 April was too soon to organise anything effective.
>
> It was agreed that national officebearers should meet with the Transvaal R E C next week, and raise some of the concerns which were voiced."

Die Applikant het hieruit die afleiding gemaak "dat die Respondent nie ongeneë is om industrieële aksie te gebruik om politieke en ander nie-industrieële aangeleenthede te vorder nie."

Sekere opruiende brosjure word ook by die stukke aangeheg met die doel om aan te toon dat die Respondent 'n nasionale solidariteit staking wil uitroep. Dit skyn egter dat hierdie beoogde staking gaan oor 'n <u>bona fide</u> nywerheidsgeskil tussen die Applikant en die Respondent veral met betrekking tot sekere werkplase in Natal.

Laastens sit die Applikant sekere inligting uiteen wat sy amptenare van sekere bronne ingewin het. Baie van hierdie inligting is hoorsê

getuienis wat gelewer is deur persone wie se identeit vir verskeie redes nie geopenbaar word nie. Ander inligting is afkomstig van amptenare van die Respondent wie se identiteite ook nie geopenbaar word nie.

Don Robertson sê dat hy die verliesbeheerbeampte is by die Applikante se Congella perseel en dat hy inligting gekry het uit 'n bron wat hy nie kan openbaar nie, weens vrees vir die veiligheid van die persoon, dat verdere stakings beplan word vir die afsienbare toekoms en wel vanaf 12 tot 16 Junie 1987. Robertson sê dat hy die persoon reeds 'n geruime tyd ken en vertrou op sy mededelings. Dit word voorts gesê

> "Inligting omtrent beplande stakings wat in die verlede deur hierdie persoon verstrek is was altyd akkuraat. Die doel van die stakings sal polities van aard wees, nl om solidariteit te betoon met die eerste verjaarsdag van die huidige noodtoestand op 12 Junie 1987 en die herdenking van die gebeure in Soweto op 16 Junie 1976."

Abri Beukes, een van die Applikante se afdelingspersoneelbestuurders maak melding dat die Applikant se werknemers by die Applikant se Carltonville persele hom meegedeel het dat hulle op 1 Junie 1987 wil werk aangesien hulle voornemens is om op 16 Junie 1987 nie te werk nie. Op 13 Mei 1987 het die Respondent se verteenwoordiger die werkers aldaar toegespreek met die oog op gesamentlike optrede teen werkgewers in die Carltonville gebied. Optrede wat by die Applikant se fabriek beoog word sal lone as voorwendsel gebruik.

Deon du Toit, die Applikant se personeelbestuurder by Applikant se Johannesburg fabriek, vertel dat hy inligting het dat 'n staking by die Applikant se Mayfair perseel deur die Respondent se lede op 12 Junie 1987 sal plaasvind. Die werkers sal 'n loongeskil as voorwendsel gebruik.

Die takbestuurder van die Vanderbijlpark tak, P Henderson, verskaf inligting dat twee lede van die Respondent se loodskomitee hom besoek het na die staking van 5 en 6 Mei 1987 en onder andere gesê het dat hulle en die werkers nie op 16 June 1987 sal kom werk nie. Hy vertel dat dit is gesê onder die voorwendsel dat daar druk in gemeenskap op hulle geplaas word.

Johan Beukes, die personeelbestuurder by die Applikant se Congella perseel, meld dat hy met ander werkgewers in die gebied geskakel het en hy meegedeel is dat stakings ook by hulle beplan word tussen 12 en 16 Junie vanjaar.

Die Respondent handel met hierdie beweringe soos volg. Die Respondent sê dat hierdie beweringe meestal uit hoorsê bestaan, of omdat die bronne nie geopenbaar word nie, kan die Respondent ingelyks nie met hierdie beweringe handel nie.

Interdik

Die Applikant doen aansoek om 'n finale interdik, alternatiewelik 'n interim interdik afhangende die instelling van 'n aksie vir 'n finale interdik.

Die basis van die aansoek word soos volg aangevoer:

> "Die applikant het 'n duidelike reg om sy sake ongesteurd te kan doen met behulp van sy werknemers. Die applikant het voorts 'n reg dat sy werknemers ingevolge hulle dienskontrakte optree. Enige optrede aan die kant van die respondent en/of organisies waarby die Respondent geaffilieër is om werkers te ontmoedig om hulle dienskontrakte na te kom en/of aan te hits en/of aan te stig om nie hulle dienskontrakte na te kom nie sal strydig met die applikant se reg wees."

Daarna handel die Applikant met die nadele wat sal volg en wys daarop dat die Applikant in die omstandighede geen ander regsremedie het nie.

Die vraag is of die Applikant 'n duidelike reg uiteengesit en bewys het op hierdie stukke al dan nie, of die Applikant 'n prima facie reg aangetoon het wat moontlik betwis kan word. Sien in die opsig Webster v Mitchell 1948 (1) SA 1186 (W) en Gool v Minister of Justice 1955 (2) SA 682 (C).

Die sukses van Applikant se saak hang derhalwe daarvan af of hy kan bewys dat 'n onwettige staking of 'n strafbare werkstopsetting vir 12 tot 16 Junie 1987 beplan is en dat Respondent die aksie aanvoer en sy lede aanhits om daaraan deel te neem.

Die Respondent het toegegee dat

> "the respondent does however anticipate a stay-away by employees of the applicant on 16 June 1987 since that day is regarded by most workers as a day of remembrance. Many employers have recognised that fact and regard it as a paid holiday. The respondent has agreements with various employers including the Premier Group which provide for 16 June as a paid holiday."

Dit is vir my duidelik dat enige persoon wat enigsins kennis het van die huidige arbeidsituasie in die Republiek sal bewus wees dat die twee dae, naamlik die 12e Junie en die 16e Junie, dae is waarop arbeidsonrus van die een of ander aard waarskynlik sal plaasvind. Hierdie kennis beteken nie dat sulke persone die arbeidsonrus goedgesind is nie. Dit is bloot een van die feite van die lewe wat bekend is aan mense wat in die arbeidsveld doenig is.

Myn insiens kan daar dus geen negatiewe afleiding teen die Respondent in die opsig gemaak word nie. Dit is ook heeltemal duidelik dat die Respondent geensins erken het dat die Respondent sodanige aksies gaan aanvoer of daarby betrokke is.

Een van die probleme wat my kwel is dat die Applikant my nie duidelik ingelig het oor die presiese aard van die gebeurtenisse wat na bewering op 12 tot 16 Junie sal plaasvind nie. Ek het byvoorbeeld nie die ipsissima verba van die verskeie informante nie. Die enigste en mees voordelige afleiding wat ten gunste van die Applikant gemaak kan word, is dat werkers van die Applikant wat ook lede van die Respondent is, nie gaan opdaag vir werk in die tydperk 12 tot 16 Junie nie of gaan opdaag en weier om te werk. Ek weet

nie

byvoorbeeld of die werkers 'n eis soos byvoorbeeld dat die noodtoestand opgehef word, aan die Applikant gedurende die tydperk gaan stel nie. Ek kan daarom nie bepaal of daar 'n staking gaan wees nie, wat indien dit sou plaasvind, onwettig sou wees. In die opsig verwys ek na die woordomskrywing van staking soos dit in die Wet voorkom. Staking in artikel (1) van die Wet lees soos volg:

> "'Staking' - een of meer van onderstaande handelinge of versuime deur enige liggaam of aantal persone wat in diens is of was of by die selfde werkgewer of by verskillende werkgewers -
>
> (a) die weiering of versuim deur hulle om aan te hou met werk (hetsy die stopsetting volkome of gedeeltelik is) of om hulle werk te hervat of om herindiensneming aan te neem of om aan die bedinge en voorwaardes van diens wat op hulle van toepassing is te voldoen of die vertraging deur hulle van die vooruitgang van werk, of die belemmering deur hulle van werk; of
>
> (b) die verbreking of beëindiging deur hulle van hul dienskontrakte, indien -
>
> (i) daardie weiering, versuim, vertraging, belemmering, verbreking of beëindiging plaasvind na aanleiding van 'n samespanning, ooreenkoms of verstandhouding hetsy uitgedruk of nie, tussen hulle; en
>
> (ii) die doel van daardie weiering, versuim, vertraging, belemmering, verbreking of beëindiging is om enige persoon by wie hulle of enige ander persoon in diens is of was te beweeg om te dwing om -
>
> (aa) toe te stem of te voldoen aan enige eise of voorstelle in verband met bedinge of voorwaardes van diens of ander aangeleenthede wat gestel of gemaak is deur of namens hulle of enigeen van hulle of enige ander persone wat in diens is of was; of
>
> (bb) na te laat om gevolg te gee aan enige voorneme om bedinge of voorwaardes van diens te verander, of, as so 'n verandering aangebring is, die bedinge of voorwaardes

te herstel tot wat hulle gewees het voor die verandering aangebring is; of

(cc) enige persoon in diens te neem of te skors of sy diens te beeindig."

Ek het reeds hierbo aangetoon dat ek nie in staat is om op die huidige stukke te bepaal of daar 'n doel aanwesig sal wees by die beplande nywerheidsoptrede soos bedoel in paragraaf (ii) van die woordomskrywing van staking nie.

Dr Pauw het egter betoog dat die begrip staking bestaan of uit die handelinge waarna verwys is in artikel (a) of uit die handelinge waarna verwys is in artikel (b) van die woordomskrywing van staking. Hy het aangevoer dat dié twee paragrawe losstaande is en dat paragraaf (a) nie deur subparagrawe (i) en (ii) beheers word nie. Ek kan hom nie gelyk gee nie om verskeie redes, onder andere omdat in artikel 65(1A) van die Wet die volgende voorkom:

> "Geen werknemer mag na aanleiding van 'n samespanning, ooreenkoms of verstandhouding hetsy uitgedruk of nie, met 'n liggaam of aantal persone wat in diens is of was by dieselfde werkgewer of by verskillende werkgewers, in 'n paragraag (a) of (b) van die omskrywing van 'staking' in artikel 1(1) beoogde handeling of versuim verrig of deelneem aan die verrigting van so 'n handeling of versuim nie, en geen werknemer of ander persoon mag 'n werknemer aanhits, aanstig, beveel, help, adviseur, aanmoedig of verkry om so 'n handeling of versuim aldus te verrig of om aan die verrigting van so 'n handeling of versuim aldus deel te neem nie, indien daardie handeling of versuim verrig word of verrig moet word met 'n ander doel as 'n doel in paragraag (ii) van genoemde omskrywing bedoel."

Die bepalings van artikel 65(1A) is aanduidend dat beide (a) en (b) onderhewig gestel word aan die verdere bepalings van subparagrawe (i) en (ii). Hierdie is ook die mening wat gehandhaaf is in ander

vonnise wat met hierdie aangeleentheid gehandel het, sien byvoorbeeld M W A S A v Facts Investors Guide (1986) 7 ILJ 313 en N U T W and Others v Cape Produce Co Durban (Pty) Ltd (1986) 7 ILJ 749 waar die volgende op bladsy 753 deur JOHN B L gesê word:

> "The question in this case is whether the work stoppage was a strike which justified the applicants' dismissal. It was pointed out by counsel for the applicants that there are two requirements in the definition of a strike under the Labour Relations Act, and in the common-law concept of strike. The first is a joint discontinuance of work and the second is some form of demand on the employer. As was held in The Media Workers Association of S A and others v Facts Investors Guide (Pty) Ltd (1986) 7 ILJ 313 (IC) not every work stoppage can be treated as being a strike per se either under the Act or at common law: 'There must be a demand related to a concerted refusal to work and such refusal must be shown to be intended to persist until the demand is met.' In this case there was certainly no specific demand either oral or in writing."

Sien ook die bydrae van HALTON CHEADLE "Does the Stoppage Amount to a Strike?" in BRASSEY et al, New Labour Law 1987 op 263 en volgende.

Ek gaan nou oor na die tweede been van die Applikant se saak sover dit die interdik aangaan, naamlik dat die Applikant beweer dat die Respondent 'n werkstopsetting aanhits wat kragtens artikel 65(1A) van die Wet strafbaar is. J F HEYNE supra sê die volgende ten opsigte van hierdie aangeleentheid:

> "Terwyl die omskrywing van 'staking' in art. 1(1) van die Hoofwet onveranderd bly, word die bepalings van art. 65 met betrekking tot die verbod op onwettige stakings en uitsluitings nou omvattender. Na subart. (1) van art. 65 word subart. (1A) vir stakings en (1B) vir uitsluitings ingevoeg. Albei bepaal dat hierdie uiteindelike wapens wettiglik gebruik kan word slegs binne die oorblywende perke van art. 65(1) slegs indien die doel van die handelinge indiensnemingsvoorwaardes in verband staan (art. 1(i) (ii)(aa) tot (cc)) maar dat hierdie wapens onwettig is 'indien daardie handeling of versuim verrig word of verrig moet word met 'n ander doel as 'n doel in

> paragraaf (ii) in benoemde omskrywing bedoel', d.w.s. vir geskille buite die werkgewer werknemer verhouding soos los stakings van gewone lede teenoor hulle vakverenigingsleiers of stakings met betrekking tot jurisdiksiegeskille tussen mededingende vakverenigings.
>
> Dus, die handeling of versuim begaan ingevolge die nuwe art. 65(1A) is nie meer 'n egte 'staking' in die sin van art. 1(1)(xxxii) nie, maar 'n nuwe misdryf, wat bv. 'strafbare werkstopsetting' genoem kan word. Die Staat sal nou moet bewys dat die doel van hierdie misdryf ''n ander is as 'n doel in paragraaf (ii) van genoemde omskrywing bedoel' dus 'n doel wat nie met die werkgewer-werknemer in verband staan nie."

Sien ook BRASSEY et al op 263. Die opmerking van HALTON CHEADLE in BRASSEY et al op 265 som, myn insiens die regsposisie korrek op. Die geleerde skrywer sê die volgende:

> "The other approach to creating a category of legal collective stoppages is to give the 'other purpose' in s 65(1A) a restrictive meaning. Purpose cannot mean any purpose. Its contents should be divined from the use of the word in the definition itself. There, 'purpose' has three components: intention to compel; the person compelled; and the objectives of the compulsion. Accordingly, the kind of 'other purpose' envisaged by s 65(1A) should be limited to those collective stoppages that have as their intention the compulsion of any person, be it an employer or not, to comply with demands other than those listed in the definition."

Die geleerde skrywer gaan voort en pas hierdie uiteensetting van die reg toe op bladsy 266 waar hy die volgende sê:

> "What of the stay-away? Some stay-aways have all the elements of unlawful pupose under s 65(1A). Take, for example, a stay-away to compel the state to remove the army from the townships. On the other hand a stay-away in order to attend a funeral of a trade union leader who died in detention does not on the face of it have any overt intention to compel anyone to do anything."

Myn insiens is hierdie die mees aanvaarbare uitleg van artikel 65(1A) en die een wat die wetgewer bedoel het, naamlik dat 'n onwettige werkstopsetting moet saamgaan met 'n bedoeling om die

werkgewer te beweeg of te dwing om toe te stem of te voldoen aan 'n eis of voorstelle in verband met aangeleenthede wat in paragraaf (ii) van die woordomskrywing van staking genoem is. Dit volg, myn insiens, dat 'n 'doellose' wegbly aksie, indien so iets wel bestaan, nie 'n onwettige werkstopsetting sal wees nie.

Dit kan wees dat 'n wettige werkstopsetting nogtans 'n onregmatige daad daar sal stel, sien byvoorbeeld New Kleinfontein Company Ltd v Superintendent of Labour 1906 TS 241 en Murdock v Bullough 1932 TPD 495 as ook Atlas Organic Fertilizer (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd 1981 (2) SA 173(T). Ek laat my egter nie hieroor uit nie omdat aangeleenthede wat gaan oor onregmatige dade uit die gemeenreg voortspruit en hierdie Hof het geen jurisdiksie daaroor nie.

Laastens moet ek handel met die vraagstuk of die Respondent op enige wyse, indien ek verkeerd sou wees en dat daar wel 'n staking of 'n onwettige werkstopsetting beplan is vir die 12e of 16e Junie, daarby betrokke is. Die Applikant is verplig om te bewys selfs op 'n prima facie basis dat die Respondent sodanige aksie aanhits. Ek het dit al hierbo laat deurskemer dat die getuienis soos dit op die eedsverklarings voorkom nie aandui dat die Respondent sodanige beplanning aanhits of daarby betrokke is nie.

Gevolglik kan die aansoek nie slaag nie, en word die aansoek van die hand gewys met koste wat op 'n Hooggeregshof skaal getakseer moet word.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN te PRETORIA hierdie 10e dag van JUNIE 1987.

PROF A A LANDMAN
ADDISIONELE LID: NYWERHEIDSHOF